Anglo-Boereoorlog Gr 4 (b)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. In te lig oor die verloop van ‘n bepaalde gebeurtenis in ons volk se geskiedenis.
2. ‘n Gevoel van volkstrots te laat ontwikkel.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet watter twee volke oorlog gemaak het en waarom die oorlog plaasgevind het.
2. Na vier verhale waarin kinders ‘n rol tydens die oorlog gespeel het, luister.
3. Weet wat was die rol van die perd en die fiets in die oorlog.
4. Kennis maak met die lewe in die konsentrasiekampe.
5. Weet wie was Emily Hobhouse en wat was haar rol in die oorlog.
6. Bewus wees van die rol wat die penkoppe in die oorlog gespeel het.
7. Twee gepaste gedigte wat oor die oorlog handel, as span saam lees en die inhoud daarvan bespreek om te verstaan.
8. Weet waar en waarom die Vrouemonument opgerig is en wat die simboliek van die monument is.
9. 'n Besoek bring aan een of meer van die volgende plekke: 'n oorlogsgedenkteken, 'n slagveld, 'n konsentrasiekampterrein en/of 'n oorlogsbegraafplaas.
10. Kennis maak met die monument wat opgerig is na die Vrede van Vereeniging. Weet wat die simboliek van die monument is.

C AANBIEDING

1. U kan ook melding maak van die term “Boer” en “Kakie”. Gesels oor die kleredrag, wapens en getalle van die twee groepe.
2. Vertel die vier verhale by verskillende geleenthede om verwarring te voorkom. Gee aan die kinders geleentheid om die stories oor te vertel of help hulle om tablo’s of items daaroor uit te werk. Sorg dat die feite korrek is.
3. Vir hierdie vereiste sal oplees en naslaanwerk gedoen moet word. In die boeke en stories oor die Anglo-Boereoorlog is stukkies en brokkies oor die perd en fiets.
4. Behandel hier die omstandighede wat spesifiek die kind geraak het: hoe hulle skool gegaan het, die siektes, speletjies, hartseer en huisvesting waarmee hulle moes saamleef.
5. Geen diepgaande studie oor Emily Hobhouse word verwag nie, maar dit is nodig dat die kind sal weet wie sy was en wat sy vir die Afrikaner gedoen het.
6. Heelwat inligting is oor die rol van die penkop beskikbaar. Wys op die naam “Penkop” van Die Voortrekkers en waarom ons seuns vandag nog trots kan wees om die naam te dra.
7. Versamel ‘n hele paar gedigte uit die tydperk wat die ouderdomsgroep sal verstaan. Laat hulle dit voorlees of luister na ‘n voorlesing daarvan. Doen moeite om seker te maak dat hulle verstaan waaroor dit gaan.
8. Vereistes 8 tot 10 handel oor monumente uit daardie tyd. Besoeke, prente en foto’s is hier belangrike hulpmiddels. ‘n Eenvoudige dog deeglike bespreking van elkeen van die monumente is nodig.

Wenk: Hierdie spesialisasie kan as geheel aangebied word of as ‘n vervolgverhaal waarvan u by elke byeenkoms slegs een van die vereistes hanteer en daarna met ander werk aangaan.